



Probleme rondom die Bybel in die gereformeerde teologie: besinning vanuit 'n Christelike filosofie

B.J. van der Walt
Skool vir Filosofie
Potchefstroomkampus
Noordwes-Universiteit
POTCHEFSTROOM
E-pos: hannah@intekom.co.za

Abstract

Problems with the Bible in reformed theology: reflections from a Christian philosophical perspective

The motivation for undertaking this investigation is the present tension in the reformed theology and in the reformed churches in South Africa. In spite of the fact that the reformed tradition confesses the authority of the Bible, theologians and church leaders are at the moment divided on how to view and interpret the Scriptures. They disagree about the message of God's Word in the case of topical issues, for instance whether women should be allowed in ecclesiastical offices or on what the Bible has to say about homosexuality. The author is of the opinion that these tensions in the same church are caused, not only by different methods of interpreting the Bible but, at a much deeper level, also by the way in which one views the Bible according to different worldviews. In trying to resolve these problems and the resulting conflict of opinion, a Christian philosophical approach will be taken instead of the current theological efforts.

Opsomming

Probleme rondom die Bybel in die gereformeerde teologie: besinning vanuit 'n Christelike filosofie

Die aanleiding tot hierdie ondersoek is die huidige spanning in die gereformeerde teologie en kerke in Suid-Afrika. Ten spyte van die feit dat die gesag van die Bybel in die gereformeerde tradisie bely word, is teoloë en kerkleiers tans verdeeld oor hoe die Skrif verstaan en toegepas moet word. Hulle verskil oor hoe God se Woord in die geval van aktuele kwessies, soos byvoor-

beeld die vrou in kerklike ampte, of homoseksualiteit toegepas behoort te word. Die skrywer van hierdie verkennning is van mening dat hierdie spanning binne dieselfde kerkgemeenskap veroorsaak word, nie alleen deur verskillende metodes van Bybelinterpretasie nie, maar op 'n veel dieper vlak, ook deur verskillende Skrifbeskouings en lewensvisies. In 'n poging om hierdie probleme en die gevolglike botsende standpunte te hanteer, sal in plaas van die gangbare teologiese pogings, hier eerder 'n Christelik-filosofiese benadering gevolg word.

1. Inleiding: voorbeelde van die gangbare debat en die kernprobleme

Daar bestaan tans binne die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA) en binne gereformeerde teologiese kringe verskille oor hoe die Skrif verstaan en verklaar moet word. Hierdie verskille lei tot spanning en volgens sommige waarnemers bevat dit selfs die potensiaal om 'n kerkskeuring te veroorsaak. Dit is dus belangrik dat die probleme aangesny word. Hierdie Christelik-filosofiese besinning kan moontlik 'n beskeie bydrae bied ter verheldering van die probleme.

Dit moet terloops vermeld word dat die diskussie in die GKSA nie iets unieks in die wêreld is nie, maar 'n onderdeel is van die breër debat binne die gereformeerde teologie – en ook ander teologieë – wêreldwyd. Een van die redes daarvoor is die invloed van die literatuurwetenskappe, byvoorbeeld die groter klem op die rol van die leser. Weens ruimtegebrek word in hierdie artikel op die GKSA toegespits.

Ter inleiding word drie voorbeelde genoem om die aktualiteit van die probleem te illustreer. Daarna volg 'n opsomming van wat, myns insiens, die kernprobleme is.

1.1 Voorbeelde van die huidige debat

Die bedoeling is slegs om die dringendheid van die aangeleentheid te beklemtoon sonder om 'n oordeel oor die verskillende standpunte uit te spreek.

1.1.1 Op populêre vlak in 'n kerklike tydskrif

Vorster (2004a; 2004b; 2005a; 2005b) kritiseer in *Die Kerkblad* (van die GKSA) 'n fundamentalistiese tendens onder sekere Gereformeerdes. Dit vertoon (vgl. Vorster, 2004a) onder andere:

- 'n verbale en meganiese inspirasieteorie, wat tot die vergoddeliking van die Skrif lei in plaas daarvan om te erken dat dit ook 'n menslike kant het;
- 'n a-historiese benadering van die Bybel en 'n onkritiese en naïewe omgang met eie vooronderstellings, sodat feilbare, menslike interpretasies (omdat dit deur die Heilige Gees geïnspireer sou wees) gelykgestel word aan die openbaring van God;
- sodat voortdurende reformasie gevolglik nie meer nodig is nie.

Hoewel Vorster (2004a:27; 2005a:29) noem dat daar by die lees van die Bybel eerlik en krities met 'n mens se eie vooronderstellings omgegaan moet word en hy onder die vooronderstellings ook die eie lewensvisie noem, werk hy die implikasies daarvan nie verder uit nie. Volgens hom is die verskille onder Gereformeerdes eerder te wyte aan metodologiese verskille (vgl. Vorster, 2004b:34). Sy oplossing vir die huidige broedertwis is (vgl. Vorster, 2004a:27-29) om die gangbare reëls vir Skrifuitleg te herbeklemtoon en effens te verbreed.

1.1.2 Op wetenskaplike vlak in teologiese tydskrifartikels

'n Tweede voorbeeld waarin die probleme duidelik na vore tree, is die diskussie tussen Snyman (2006) en Janse van Rensburg (2006) in *In die Skriflig*, tydskrif van die Gereformeerde Teologiese Vereniging.

Die debat gaan oor homoseksualiteit – iets wat tans wêreldwyd onder Christene bespreek word. Snyman is van mening dat die Bybel se veroordeling van homoseksualiteit nie 'n altydgeldende beginsel is nie, terwyl Janse van Rensburg dit wel verdedig.

Om sy standpunt te regverdig, maak Janse van Rensburg onderskeid tussen tydsgebonde en tydsgerigte gedeeltes van die Bybel. Snyman is egter van mening dat die kriteria wat Janse van Rensburg gebruik (ontleen aan die Bybel self) om te bepaal of iets tydsgebonde of slegs tydsgerig (en dus nog steeds geldig) is, nie opgaan nie.

Janse van Rensburg (2006:749-764) gee 'n breedvoerige uiteensetting van sowel sy Skrifbeskouing as eksegetiese metodes. Hy werk volgens die bekende grammaties-historiese metode. Daarvolgens lê hy klem op die Bybelteks self asook op die openbaringshistoriese en kultuurhistoriese konteks daarvan. Hy erken wel dat 'n mens vanuit bepaalde tydsomstandighede en vooronderstellings die Bybel lees,

maar spel nie duidelik uit wat dit inhou nie. Heel waarskynlik gebeur dit nie omdat hy van mening is dat 'n mens op grond van die bekende *sola Scriptura*-beginsel niks buite die Bybel self mag gebruik om dit te verstaan nie. Die Skrif moet homself interpreteer.

Dit is op hierdie punt waar Snyman van Janse van Rensburg verskil. Volgens Snyman is die eie perspektief waarvolgens die huidige leser die Bybel benader baie belangriker as wat Janse van Rensburg wil erken. Hoewel dit nie deel van die Bybel is nie, speel 'n mens se eie lewensvisie 'n normatiewe rol. Dit word in die Bybel ingelees en dan weer daaruit gehaal asof dit in die Bybel self staan (vgl. Snyman, 2006:741).

1.1.3 Nog breedvoeriger in twee boeke

Die kontras tussen die twee maniere van Skrifverklaring en Skrifbeskouing kom nog vollediger na vore indien 'n mens twee resente geskrifte, naamlik dié van Breed, Janse van Rensburg en Jordaan (2008) vergelyk met die boek van Snyman (2007).

Al is dit veralgemenend, sou 'n mens die huidige situasie dalk soos volg kan opsom. Onder die meeste gereformeerde teoloë (ten minste van Potchefstroom) word die organiese inspirasie en die grammaties-historiese metode nog aanvaar. In die verlede is feitlik alle klem net op die grammatiese faset (die teks) gelê. Die afgelope tyd word meer klem ook op die historiese kant van die Bybel gelê – nie net openbarings-historiese nie, maar ook die kultuur- of sosio-historiese. Dit gaan egter steeds oor die historiese kant van die Bybelteks self. (Vgl. in dié verband ook De Klerk & Janse van Rensburg, 2005:3-92.)

Hierteenoor wil Snyman en andere nie net die kultureel-historiese omstandighede van die teks nie, maar ook die omstandighede van die huidige leser beklemtoon en die groot invloed wat dit op die verstaan van die Bybel het. Dit wil dus lyk asof sekere gereformeerde teoloë ook beseft dat nie net die outeur, teks en eerste hoorders of lesers nie, maar ook die kontemporêre lesers belangrik is. Sy/haar lewensbeskoulik-filosofiese uitgangspunte vorm 'n integrale deel van die hermeneutiese proses en moet dus volledig daarin verreken word.

1.2 Die kernprobleme

Omdat die voorafgaande drie gevalle slegs as voorbeelde van die dringendheid van die probleem gedien het, het al die verskillende

probleme nie na vore gekom nie. Myns insiens is die onderliggende (uitgesproke en onuitgesproke) hoofprobleme die volgende:

1.2.1 Nie net Skrifverklaring nie, maar ook Skrifbeskouing speel 'n rol

Hoe 'n mens die Bybel beskou, bepaal hoe jy dit sal lees. Jou Skrifbeskouing bepaal die metode van Skrifverklaring en lê dus op 'n dieper vlak.

Die meeste gereformeerdes sal erken dat die Bybel God se Woord in mensewoorde is. Die probleem is egter wat die verhouding tussen die twee “kante” van die Bybel is. Watter rol het God en mens by die ontstaan van die Skrif gespeel?

Teenoor 'n meganistiese teorie (die mens is bloot 'n willose instrument van die Heilige Gees) aanvaar die meeste Gereformeerdes 'n organistiese inspirasieteorie. Ongelukkig los dit nie die probleem op nie, maar lei tot die vraag wat/hoeveel in die Skrif God se rol en wat/hoeveel die menslike skrywers se rol was (vgl. verder 2.3 hieronder). Dit lei ook tot die probleem wat in die Bybel God se *blywende* wil is en wat bloot *tydsgebonde* menslike kultuur-historiese omstandighede is.

Omdat God se werkswyse nie die voorwerp van wetenskaplike ondersoek kan wees nie, kan ons slegs die menslike kant van die Skrif (as boek) bestudeer. Nogtans kan dit van groot waarde wees om 'n filosofiese struktuuranalise daarvan te maak.

1.2.2 Die Bybel is nie die enigste openbaring van God nie

Die tweede basiese probleem is dat, hoewel erken word dat God Hom ook in die skepping openbaar, hierdie belydenis in die praktyk van die gereformeerde teologie nie 'n wesenlike rol speel nie. Die Skrif word meestal in isolasie van die res van God se openbaring gelees. Alle vraagstukke moet meestal met Bybelse uitsprake opgelos kan word.

Myns insiens is dit 'n verkeerde verstaan van die bekende sestiende-eeuse *sola Scriptura* en lei dit daartoe dat te veel van die Bybel verwag word – die gevaar van Biblisme, deur sommige geleerdes ook fundamentalisme genoem. Vir 'n breedvoerige behandeling van hierdie verskynsel, vergelyk Vorster (2008).

1.2.3 Die Skrif is nie 'n wetenskaplike handboek nie

Dikwels word Bybelskrywers “teoloë” en dit wat hulle geskryf het, 'n bepaalde “teologie” genoem. Dit dui op verwarring tussen (voorwetenskaplike) geloof en (wetenskaplike) teologie. Geloof in die Skrif is iets vas en sekere, terwyl teologie feilbare en beperkte teoretiese besinning oor die geloof is. Die volgende gelykskakeling is dus baie gevaarlik: teologie = geloof = Gods Woord. 'n Duidelike onderskeid tussen geloof en teologie sal voorkom dat teoloë van die Bybel 'n soort (teologiese) handboek probeer maak wat oplossings vir alles en nog wat moet bied.

1.2.4 Hoe die Skrif gesagvol is

Die probleem vir die meeste Gereformeerdes is nie *of* die Bybel as Gods Woord gesagvol is nie, maar *hoe* dit gesag oor die hele lewe het. Hoe kan dit buite die persoonlike geloofslawe en kerk ook vir die breë samelewing 'n boodskap bied?

1.2.5 Hoe die tydsgaping tussen die ontstaan van die Bybel en vandag oorbrug kan word

Hierdie probleem hang nou saam met die vorige vraag. Die vraag is hier hoe die Skrif nog vir vandag relevant kan wees. Help die onderskeid tussen tydsgerig teenoor tydsbepaal of tydsgebonde werklik? Is die *hele* Bybel nie maar tydsgerig nie? Kan 'n Christen se geloof net in 'n bepaalde belydenis of dogma(tiek) ingeklee word? Een van die mees betekenisvolle antwoorde (sedert die vorige eeu) is dat 'n mens se geloof tot 'n lewensvisie uitgebou word om dit werklik relevant vir die hele lewe te maak.

1.2.6 Die grammaties-historiese metode alleen kan nie ten volle aan die rykdom van die Skrif laat reg geskied nie

Behalwe dat die grammaties-historiese metode nie die lewensbeskoulike element van die huidige leser (vgl. 1.2.7 hierna) verreken nie, is die Skrif veel meer as blote literatuur of geskiedenis. Soos sal blyk, is dit deur die geloof gekwalifiseer – dit is 'n geloofsboek. Breër perspektiewe op die Skrif en metodes van ondersoek is dus noodsaaklik.

1.2.7 Geen neutrale of objektiewe lees van die Bybel is moontlik nie

Vroeër was die klem veral op die oorspronklike outeur(s) en die teks, terwyl die klem vandag verskuif het na die huidige leser met sy vooronderstellings waarvolgens die teks gelees word.

Die vroeëre standpunt blyk byvoorbeeld duidelik uit die ouere standaardwerke soos dié van Grosheide (1929) en Greijdanus (1946). Grosheide (1929:4 e.v.) is van mening dat die Skrif self die norm moet bly om oor die juiste uitleg te oordeel. Dit is die beginsel dat die Skrif sy eie interpreteerder is: *Scriptura sui ipsius interpretes*. Greijdanus (1946:110-113) stel dit nog sterker: "... dat de Schriftverklaarder geen eigen gedachten en voorstellingen, noch eigen subject en denke, in het uit te leggen deel der Heilige Schrift mag indragen" (p. 111). Volgens hom moet die verklaring "objectief" wees (p. 110).

Die nuwere visie wat vandag algemeen aanvaar word behalwe in baie ortodokse kringe, is dat nie net kofessionele en dogmatiese nie, maar ook die breë konteks (bv. die lewensbeskoulike en filosofiese vooronderstellings) van die huidige leser verreken moet word. Die probleem waarom meer konserwatiewe teoloë dit nie wil erken nie (of wel erken, maar nie werklik in hulle eksegetiese verreken nie), is omdat die norm dan van die goddelike teks na die menslike konteks kan verskuif en relativisme 'n wesentlike gevaar word. Iets wat nog vererger word deur 'n verskeidenheid huidige kontekste.

1.2.8 Die oplossing lê nie in voortgaande eksegetiese of verfyning van metodes nie

In die lig van die voorafgaande is dit duidelik dat die oplossing vir die verskille onder Gereformeerdes nie in 'n herlees van Bybeltekste lê nie. Die kwessie van vroue in kerklike ampte is 'n duidelike voorbeeld: na nie minder nie as 30 jaar van studie is nog steeds geen eenstemmigheid hieroor bereik nie (vgl. Breed, 2008; Howell, 2008). Die lewensbeskoulike en filosofiese uitgangspunte wat die lees van die betrokke Skrifgedeeltes bepaal, sal op die tafel gelê en bespreek moet word.

1.2.9 Die twee kernprobleme

Bogenoemde agt probleme sou tot twee kernvraagstukke gereduseer kon word. Die eerste drie probleme is hoofsaaklik toegespits op *Skrifbeskouing*. Die volgende vyf probleme handel grotendeels oor *Skrifverklaring*.

Aangesien 'n mens se Skrifbeskouing grondleggend is en die verklaring bepaal, kom dit eerste aan die orde. Die volgende drie sake word behandel: die goddelik-menslike karakter van die Skrif, die Bybel as deel van God se drievoudige openbaring en die Skrif as voorwetenskaplike geloofsboek.

2. Die Bybel: God se Woord in mensewoorde

Teenoor standpunte dat die Bybel uitsluitlik *God se Woord* bevat of dat die Bybel bloot *menslike* woorde oor God bied, het die Gereformeerde tradisie nog altyd die Bybel as *God se Woord in menslike taal* beskou.

Oor die Bybel as Woord van God is daar in die Gereformeerde tradisie boekdele geskryf. Van Wyk (1989) bied 'n kort en nuttige oorsig oor hoe vanaf Augustinus tot op hede in Gereformeerde kringe oor Skrifbeskouing en Skrifverklaring gedink is (vgl. ook Van Keulen, 2003). Hier word slegs op een vraagstuk, naamlik die verhouding tussen die goddelike en menslike kant van die Skrif gelet. Dit moet *onderskei* word, maar kan nooit *geskei* word nie. Die goddelike kant val buite die veld van ondersoek vir enige wetenskap.

2.1 Die goddelike kant sal 'n misterie bly

Ridderbos skets die implikasies van die onverbreekbare eenheid soos volg:

... divine inspiration does not necessarily mean that the men who spoke and wrote under inspiration were temporarily stripped of their limitations in knowledge, memory, language and capability of expressing themselves, as specific human beings in a certain period of history ... We have to be careful, I think, not to operate as though we know ahead of time to what extent divine inspiration does or does not go together with the human limitations above. Inspiration does not mean deification ... it is not up to us, it is up to the free pleasure of God to decide what kind of effect divine inspiration should have on the mind, knowledge, memory, accuracy of those whom he used in his service, in order that their word can really be accepted and trusted as the inspired Word of God. (Ridderbos, 1978:25, 26; vgl. ook sy waarskuwing op p. 29 teen 'n verbale inspirasieleer.)

Sy konklusie (Ridderbos, 1978:34) is dat elke definisie van die Skrif (sy aard, gesag, ens.) ontoereikend sal wees, omdat die Bybel as gevolg van sy goddelike kant bokant ons menslike kenvermoë uitgaan.

2.2 Die kreatuurlike kant van die Bybel is wel toeganklik

God openbaar Homself en sy wil aan die mens altyd in iets kreatuurliks – anders sou ons dit nie kon verstaan nie. Hy openbaar sy wil deur die wetmatige funksionering van die *skepping* (stof, plant, dier en mens); Hy gee sy openbarings in 'n talige vorm in die *Skrif*; en Hy openbaar Hom deur in Christus 'n *mens* te word, sodat ons sy navolgers kan word. In sy drieërlei openbaring het ons telkens te doen met iets skepselmatigs, sodat ons dit kan verstaan. Terselfdertyd is dit Góð wat deur die skepsele, die Bybel en Christus met die mens praat. Vergelyk Veenhof (1984:2-7) vir 'n goeie uiteensetting oor die Heilige Gees as die Skrywer maar ook voortdurende Openbaarder.

2.3 Inspirasieteorieë is problematies

Nie net die meganistiese inspirasieteorie nie, maar ook die organisatiese is problematies. Ons feilbare menslike verstand sal nooit kan verklaar *hoe* God homself openbaar nie.

Veenhof (1984:8) wys ook op die praktiese probleme in hierdie verband. In reaksie teen die meganistiese teorie, wat alle klem op die goddelike oorsprong van die *Skrif* lê, wou die organisatiese meer plek maak vir die menslike, histories-kulturele kant. Dan volg daar egter weer 'n reaksie, aangesien die menslike kant volgens sommige teoloë te sterk beklemtoon sou word. Op hierdie wyse staan die goddelike en menslike in kompetisie tot mekaar, omdat van die veronderstelling uitgegaan word dat God en die mens se werk op dieselfde vlak lê – wat God doen, kan die mens nie doen nie en omgekeerd. Volgens Veenhof (1984:9, 10) is so 'n idee van werksverdeling tussen God en mens (50%-50%, 99%-1% of selfs 100%-0%) 'n valse dilemma. God het 100% op goddelike vlak gewerk en die mens 100% op die menslike vlak. Die Bybel is dus 'n 100% goddelike en 100% menslike boek.

Dit moet egter in gedagte gehou word dat die grondprobleem nie is *hoeveel* van die *Skrif* aan God en *hoeveel* aan die mens toegeskryf moet word nie. Die basiese vraagstuk is die ondeursigtigheid van die aard van die inwerking van die Heilige Gees op die menslike faktor. Indien erken word dat die organiese inspirasieteorie, soos enige teoretiese werk, onvolmaak is, bied dit tog ruimte vir 'n gelowige benadering van die geheimenis van die *Skrif* wat nooit deurgrond kan word nie – ook nie teologies nie.

2.4 Tydsgerig of eerder vorm en norm?

Dit wil egter lyk asof die onderskeid (reeds hierbo onder 1.2.5 genoem en op die organiese inspirasieteorie gegrond) tussen tydsgebonde en tydsgerigte Skrifuitsprake juis 'n poging is om die goddelike (tydsgerigte, d.w.s. blywende) van die menslike (tydsgebonde) te (onder)skei.

Hoewel dit nie 'n volmaakte oplossing bied nie, is Spykman (1984) se voorstel om tussen *vorm* en *norm* te onderskei dalk beter, omdat dit die eenheid tussen die goddelike en menslike kant eerbiedig. Hy verduidelik dit soos volg:

Abiding norms come to us in Scripture couched in the historical-cultural forms of that day. This is nothing to regret. Nor may we play the contingent off against the permanent, neither absolutizing its forms, nor relativizing its norms. God's universally valid Word is revealed concretely in the local and temporal particularities of Israelite and early Christian habits. Embedded in these changing conditions are enduring motifs which still lay their claim upon us. To sense their impinging power on our lives calls for obedient listening to the Word. (Spykman, 1984:53.)

Twee Skrifgedeeltes, wat gewoonlik as gedateerd (tydsgebonde) beskou sal word, kan ter illustrasie gebruik word. Uit die Ou Testament is die opdrag in Deuteronomium 14:21: "Julle mag nie 'n boklam in sy ma se melk kook nie." Hierdie verbod het destyds vir die Israeliete gegeld, omdat dit 'n rituele gebruik in die Kanaäniete se afgodediens aan Baäl en Astarte was. Volgens Spykman (1984:56) is die *formele* aspek van die verbod nie meer geldig nie. Dit bevat nogtans 'n *normatiewe* faset wat nog steeds geld, naamlik dat ons Christelike geloof nie geakkommodeer word aan, of gekompromiteer word met hedendaagse sekulêre praktyke nie.

Die tweede is 'n voorbeeld (vgl. Spykman, 1984:56) uit die Nuwe Testament, naamlik die bekende gedeelte oor die voetwassing, wat afgesluit word met Christus se opdrag dat ons ook mekaar se voete moet was (Joh. 13:12-15). Destyds was die was van iemand se voete voor 'n maaltyd, in die lig van die onhigiëniese toestande (oop sandale, stofpaaie sonder motorvervoer) gepas. Vandag (toeskoeë, teerpaaie en vervoermiddels) pas hierdie spesifieke *vorm* van nederige diens aan 'n ander egter nie meer nie. Die *norm* van liefdevolle naastediens bly egter en moet vir die eie tyd en omstandighede gepositiveer word of in 'n nuwe *vorm* gegiet word.

Hierdie voorbeelde kan vermenigvuldig word, sodat dit wil lyk of die *hele* Bybel (omdat dit in bepaalde tye ontstaan het) eintlik as *tydsgerig* beskou moet word. Soos hierbo gelees, bestaan daar nie werklik *tydsgebonde* uitsprake nie.

Daar moet egter nog iets meer oor die inspirasieteorieë gesê word, naamlik dat dit ook filosofies tydsbepaald is.

2.5 Filosofiese agtergronde van die organiese inspirasieteorie

Dit is belangrik om te beseef dat die Skrif self, as voorwetenskaplike boek, nie 'n inspirasieteorie bied nie. Dit is 'n teologiese konstruksie wat deur onder andere A. Kuiper (1837-1920) en H. Bavinck (1854-1921) ontwikkel is (vgl. Van Keulen, 2003). Bowendien is hulle teologie deur hulle onderskeie filosofiese vertrekpunte bepaal. Klapwijk (1980) bied 'n tipering van hulle filosofieë.

2.5.1 A. Kuiper

Kuiper se filosofie is volgens Klapwijk (1980:534, 542) 'n mengsel van neo-skolastiek uit die Middeleeue en neo-idealisme (moderne rasionalisme), spesifiek die romantiese vleuel daarvan. Volgens Brill en Boonstra (2000:250, 255) kan twee verskillende fases (Kuiper 1 en 2) in Kuiper se neo-skolastiese denke onderskei word. Dwarsdeur sy denkontwikkeling bly hy egter 'n aanhanger van dieselfde filosofiese stroming, naamlik die neo-idealisme (in die lyn van Fichte, Windelband en Rickert – veral die romantiese variasie daarvan).

Volgens Klapwijk (1980:540) word die romantiek gekenmerk deur 'n organologiese lewensvisie, wat Kuiper se hele teologie stempel, naamlik sy mensbeskouing (wedergeboorte as nuwe lewenskiem), sy kennisleer (krities-realisties), sy geskiedenisbeskouing (historiese groeigeloof of kulturele evolusionisme/optimisme), asook sy Skrifbeskouing (organiese inspirasie).

2.5.2 H. Bavinck

Bavinck se filosofiese standpunt is deur Klapwijk, Brill en Boonstra ondersoek. Bavinck se filosofiese tipe is ook neo-skolasties of gekleur deur die vroeëre Aristotelies-Thomistiese denke (vgl. Klapwijk, 1980:549). Dit blyk byvoorbeeld uit die syns- en kenbeginsels wat hy onderskei: God is die synsgrond (*principium essendi*), die Skrif is die eksterne kengrund (*principium cognoscendi externum*) en die Heilige Gees die interne kengrund (*principium cognoscendi internum*).

Dit behels volgens Klapwijk niks anders nie as 'n gemoderniseerde logosleer. Uit die *Logos* (God) is die *logos* (menslike rede) afkomstig, wat die *logoi* (wette) in die dinge opspoor.

Hoewel Bavinck se filosofiese tipe van Kuyper s'n verskil (vgl. Bril & Boonstra, 2000:259), val hy in dieselfde filosofiese stroming as Kuyper, naamlik die romantiese vleuel van die neo-idealisme (d.w.s. die derde substroming van die jongere rasionalisme). Die romantiese vleuel van Schleiermacher verskil van die kritiese rigting van Kant en huldig (soos reeds hierbo by Kuyper aangetoon) 'n organologiese werklikheidsvisie (vgl. Klapwijk, 1980:548), sodat Bavinck se Skrifbeskouing ook daardeur bepaal word. Anders as die romantiek, gee hy egter aan die goddelike openbaring 'n transendente karakter.

2.6 Gevolgtrekking

Uit die voorafgaande blyk duidelik dat 'n mens se visie op die Skrif nie 'n suiwer teologiese saak is wat alleen op die Skrif gegrond is nie. Dit word bewustelik, of meestal onbewustelik, deur lewensbeskoulike en (op wetenskaplike vlak) filosofiese konsepsies en strominge bepaal. Soos elke mens 'n kind van sy tyd is, is ook Kuyper en Bavinck se teologieë voorbeelde van 'n sintese tussen Bybelse en buite-Bybelse elemente. Hulle teologieë en inspirasieteorie moet dus met groot omsigtigheid benader word en behoort gereformeer te word.

Daar kan nou in antwoord op die tweede probleem (vgl. 1.2.2) oorgegaan word na 'n uiteensetting van die reformatoriese filosofie se visie op openbaring. In hierdie verband word gebruik gemaak van navorsing wat ook elders sal verskyn (vgl. Van der Walt, 2008).

3. Die Bybel as deel van God se drieërlei openbaring

In die gereformeerde tradisie is gewoonlik bely dat die Bybel nie God se enigste openbaringswyse is nie. In die Heidelbergse Kategismus (Sondag 6:19) word gesê dat God homself alreeds in die paradys bekendgestel het, sy Woord daarna deur die profete laat verkondig het en uiteindelik in sy Seun vervul het.

Ook die Nederlandse Geloofsbelydenis maak in Artikel 2 'n duidelike onderskeid tussen twee middele waardeur die mens God kan ken: sy skepping, onderhouding en regering van die hele wêreld, en sy heilige of goddelike Woord. Die res van hierdie belydenis (vgl. Art. 8) noem Christus ook God se (vleesgeworde) Woord.

3.1 God se skeppingsopenbaring gedurende die geskiedenis verwaarloos

Ongelukkig is God se skeppingsopenbaring gedurende die grootste gedeelte van die gereformeerde-evangeliese tradisie wel erken, maar sonder om genoeg aandag te skenk aan die verstaan en toepassing daarvan (vgl. byvoorbeeld Van den Brink, 2007). Die oorwegende klem is gelê op die Skrif en sy boodskap van sondeval en veral verlossing. “The dogma of creation has always been there, affirmed, in the church background of benign neglect, while we concentrated on ‘salvation’ and ‘sanctification’ ... we have lacked to develop reflection true to Scripture on creation ...” (Seerveld, 2000b: 206).

Dit is egter nie wat oorspronklik met *sola Scriptura* bedoel is nie. Hierdie bekende slagspreuk uit die sestiende-eeuse Reformasie was oorspronklik ’n standpuntinname teen die Roomse klem op tradisie, pouslike mag, kerklike gesag en die alleenreg van die kerk om die Bybel te mag lees. Later het dit egter ’n ander betekenis gekry: ’n faset van God se openbaring (die Skrif) is tot die belangrikste verhef, terwyl ’n ander gedeelte daarvan (God se openbaring deur die skepping) van minder belang geag is (vgl. Troost, 2004:330-332). Hierdie onderwaardering blyk byvoorbeeld uit die woord *algemene* openbaring teenoor die *besondere* openbaring. Troost (1978) wy feitlik sy hele artikel aan die verselfstandiging en verabsoluttering van die Skrif teenoor die uitholling en sterilisasie van God se skeppingsopenbaring in die meeste ortodokse teologiese stromings.

So ’n visie het talle en onheilsame gevolge gehad. Een van die belangrikste was dat die Skrif oorvra is en op alle moontlike probleme antwoorde moes verskaf. Dit word gewoonlik “Biblisisme” of “fundamentalisme” genoem. (Vir besonderhede oor fundamentalisme onder die “Evangelicals” vgl. byvoorbeeld Marsden, 1987; Noll, 1994:109 e.v.; Tidball, 1994:79 e.v. en Walker, 1993:23 e.v.) Troost (2004:335) verkies om liever van “positiwisme” te praat, omdat ons nooit sterk genoeg op die fundamente van ons geloof (die Skrif) kan staan nie.

Tereg skryf ’n ander reformatoriese filosoof die volgende:

We need to study not only God’s Word but also God’s world; we study the world in the light of the Word. We need to study not only Isaiah but also industry. Not only Philemon but also politics. Not only Acts but arts. It is not for us to choose between knowing the Bible or the world; we need to *know the world biblically*. (Marshall, 1998:58.)

3.2 Besondere aandag aan God se skeppingsopenbaring binne die kontemporêre reformatoriese filosofie

Bavinck (1979:27) het reeds besondere klem op God se openbaring in die skepping gelê. Hy beklemtoon verder ook die eenheid en onderlinge afhanklikheid tussen God se skeppings- en Woordopenbaring: “General revelation leads to special, special revelation points back to general. The one calls for the other, and without it remains imperfect and unintelligible.” (Bavinck, 1979:28.)

Ek beskou dit as een van die besondere bydraes van die Reformatoriese filosofie daarna, Vollenhoven, Dooyeweerd en hulle talle navolgers wêreldwyd, dat ook hulle besondere klem op God se skeppingsopenbaring lê – in eenheid met sy Skrifgeworde en vleesgeworde Woord.

Hier sal nie in detail op hulle beskouings ingegaan kan word nie, maar slegs ’n algemene oorsig gegee word. Enkele van die belangrikste figure wat op hierdie gebied bydraes gelewer het, word vooraf genoem, sodat lesers hulleself in detail kan bestudeer. Hulle is (alfabeties) die volgende: Fowler (veral 1985, maar ook 1991), Hart (1989), Marshall (1998), Olthuis (1976; 1979; 1987), Seerveld (2000a; 2000b; 2000c; 2003), Spykman (1973a; 1973b; 1981; 1985; 1992), Troost (1978; 2004) en Wolters (2005).

3.3 Één openbaring op drie wyses

Dit is volgens Spykman (1973a:19; vgl. ook 1981:149-150) belangrik dat “die Skrif alleen” nie verkeerd verstaan mag word nie:

... the *sola Scriptura* in the ablative case, meaning *by* Scripture alone, should not be interpreted to mean that the Bible is the only source of revelation. For taking the Scripture seriously as Word of God leads to recognize God’s Word in all its fullness, as manifest in creation and incarnation.

Wie die Skrif as die enigste openbaring van God erken, verval in fundamentalisme (vgl. Fowler, 1985:9). ’n Eenvoudige voorbeeld van God se drievoudige openbaring is te vind in Matteus 2:1-12 (die geboortegesiedenis van Christus). Die manne uit die Ooste word deur ’n besondere ster (God se skeppingsopenbaring) aangetrek; vanaf Jerusalem word hulle verder gelei deur God se Skrifopenbaring (die profesie van Miga 5:1) na die geboorteplek; uiteindelik bereik hulle die vleesgeworde Woord, die kindjie Jesus Christus, in Bethlehem.

3.3.1 Die noodsaaklikheid van 'n drievoudige openbaring

Waarom dit nodig was dat God Hom op drie verskillende wyses openbaar, word soos volg deur Spykman verduidelik. Hoewel God se skeppingsopenbaring duidelik is, het die sondeval die mens se oë verblind, sy ore verdoof, verstand verduister en hart verhard so dat hy hierdie openbaring onderdruk en met sy eie pseudo-openbarings vervang (Rom. 1:18-23). In sy groot genade “herpubliseer” God sy Woord opnuut. Hierdie keer nie in 'n “taal” sonder woorde nie (Ps. 19:1-4), maar in die tale van die Ou en Nuwe Testament – sy Skrifwoord (*inscripturated Word*). As gevolg van ons onwilligheid om te luister, loop God nog 'n kilometer met ons saam deur sy Woord nog nader aan ons te bring in die Persoon van sy Seun, Jesus Christus – die vleesgeworde Woord (*incarnated Word*). As 'n mens kom leef Christus volgens God se wil soos wat ons behoort te leef. Christus stel dus nie net God en sy Wil aan ons bekend nie, Hy help ons ook om onself as mense te leer ken, hoe ons behoort te leef om ware menswees te belewe. (Vgl. Spykman, 1973a:20-21; 1973b:7, 8; 1992:78 e.v., waar ook die belangrikste teksverwysings oor die drieërlei openbaring in die Ou en Nuwe Testament gegee word.) God se drieërlei openbaring sluit dus aan by die drie hoofmomente van die heilsgeskiedenis: skepping, sondeval en verlossing.

“God published his Word first in creation. After sin, that Word was republished in Scripture. In the fulness of time that Word was personified in Jesus Christ” (Spykman, 1973a:8; vgl. ook Spykman, 1981:153). So 'n uitspraak kan moontlik verkeerdelik die indruk skep dat die drieërlei openbaring chronologies afgebaken is. God praat egter reeds met Adam en Eva in die paradys en die Woord (Christus) was reeds daar van die begin af.

3.3.2 Nogtans net één openbaring

Dit is belangrik dat die natuurlik-bonatuurlike dualisme nie op God se openbaring toegepas mag word nie (vgl. Troost, 1978). Die Heilige Skrif is die menslike, kreatuurlike gestalte wat God se Woord aanneem waardeur dit vir mense kenbaar word. Dit is nie iets bonatuurliks nie, maar in die “natuurlike” (kreatuurlike) verhouding tussen God en die mens gewortel (vgl. Troost, 2004:265, 266).

Ook Fowler beklemtoon dat God Homself net in die skepping (in die natuur, in menslike woorde in 'n boek en in Christus wat mens geword het) openbaar. “All revelation is natural in that it is given in and through the creation (nature), and all revelation is supernatural in

that it is given by God who, as Creator, is above and beyond all that is created, and is known only by grace.” (Fowler, 1985:7.)

Al die reformatoriese denkers lê dus sterk klem op die eenheid van God se drievoudige openbaring. Spykman (1992:83) verwoord dit soos volg “... there is but one Word of God, not ... three. From beginning to end God issues a single Word, a consistent message, an unaltered will”. Die belangrikste van God se openbaring is dus die bekendmaking van sy wil of wette/verordeninge vir die lewe. Omdat die skepping God se verordeninge aan ons openbaar, is dit ook ’n Christen se taak om die wetmatighede in byvoorbeeld die biologie, psigologie en estetika te probeer vasstel (vgl. Seerveld, 2000a:47) in plaas van om net die Bybel te bestudeer.

3.4 Die belangrikheid en regte verstaan van die skeppingsopenbaring

Seerveld (2000a:48) sê verder dat die min aandag aan die skeppingsopenbaring daaruit spruit dat evangeliese Christene alle klem op die verlossingsboodskap van die Skrif lê. Hierteenoor beklemtoon hy dat ook die skepping openbaring van God is. God praat dag en nag deur hierdie “glossolalia” (taal sonder woorde) met sy skepsele. Ons kan dus nie alles uit die Bybel aflei nie, maar moet byvoorbeeld self die taksonomie van ’n plant, persoonlikheidstipes en ekonomiese wette bestudeer. Dit is ’n misbruik van die Bybel en ’n ontduiking van die eie verantwoordelikheid om klaargemaakte antwoorde op sulke dinge uit die Skrif te verwag.

3.4.1 Die skeppingsopenbaring is van baie groot belang

Elders beklemtoon Seerveld (2000b:205) opnuut die belang van die skepping en skeppingsopenbaring: “Perhaps the most redemptive message we people of God can bring to our world in crisis is an articulate, biblically rich confession of creation.” Sodoende kan ons weer God se skeppingsordeninge leer ken.

Dit is baie belangrik om hierdie skeppingsorde reg te sien. Spykman help deur die aandag daarop te vestig dat die skepping slegs op ’n refleksiewe wyse God se Woord of wil openbaar. Ons kan slegs uit die *wetmatige* funksionering van die geskape dinge probeer aflei watter wette vir hulle geld. In sy eie woorde gestel:

The Word of God as such is transcendent. It is not directly accessible to human investigation. It is therefore misleading to say without qualification the creation *is* Divine revelation – that it *is* the Word of God. Such expressions carry pantheist over-

tones. Creational revelation is rather a *reflexive, responsive* concept. We gain insight ... by observing how God's various creatures respond to the holding power of his Word, each creature 'after its kind'. This holds for every aspect of reality: migrating birds, land use, human rationality, child development, ... reflection on our faith-life. Theoretical enquiry therefore calls for studying the *reflexive* impact of creational revelation as it impinges on each creature's way of answering to the *response* side of God's Word for creation. (Spykman, 1992:81.)

3.4.2 Die regte verstaan van die skeppingsopenbaring is moeiliker, dog belangrik

As gevolg van die verwaarlosing van God se skeppingsopenbaring (vgl. 3.1 hierbo) is daar nie reëls opgestel om hierdie faset van God se openbaring te "lees" nie – behalwe dat dit in die lig van die Skrifopenbaring moet geskied.

Seerveld (2000c) help egter om God se skeppingsopenbaring reg te verstaan. Hy wys eerstens daarop dat dit, net soos die Skrifopenbaring, op drie maniere verkeerd gebruik kan word. Die eerste wyse is om dit moralisties te misbruik (vgl. Seerveld, 2000c:161 oor hoe predikers wat Spreuke 30:24-28 byvoorbeeld oor die miere, springane, dassies en geitjies sê, totaal verkeerd gebruik). 'n Tweede verkeerde manier is die dogmatiese, wat uit die skepping die bestaan van 'n Skepper wil bewys. Die derde verkeerde manier is die sekularistiese houding, wat alleen in die wetmatighede van die skepping belangstel, terwyl hulle die bestaan van die Wetgewer ignoreer of ontken.

In die tweede plek wys Seerveld (2000c:162) daarop dat dit makliker is om God se skeppingsopenbaring te "lees" in die geval van die nie-menslike dinge (stof, plant en dier). Net soos die nie-menslike, kan ook die menslike 'n openbaringskarakter hê, maar dit is nie altyd die geval nie. Die rede hiervoor is dat God se verordeninge in die geval van die mens – anders as in die geval van die sogenaamde natuurwette vir stof, plant en dier – 'n normatiewe of keusekarakter het. Mense kan dus in gehoorsaamheid of ongehoorsaamheid antwoord (vgl. Spykman hierbo oor die antwoordsaard van God se skeppingsordeninge). Menslike gevoelens, historiese gebeure en ekonomiese ooreenkomste is dus nie vanselfsprekend God se skeppingsopenbaring nie.

3.4.3 Hermeneutiese riglyne vir die verstaan van die skeppingsopenbaring

Die voor die hand liggende vraag is dus hoe God se skeppingsopenbaring dan reg gelees en gebruik kan word. Seerveld (2000c:163) doen twee riglyne aan die hand, naamlik dat dit tot die verheerliking (*praise*) van en gehoorsaamheid aan God moet lei en dat dit nie verder as die Skrif mag gaan nie, met ander woorde dit moet in die lig van die Skrif gelees word. Dit is 'n vraag of hierdie twee riglyne voldoende is. Verdere besinning is nodig met die oog op 'n eie hermeneutiek vir God se skeppingsopenbaring.

Dit lei egter tot 'n volgende belangrike probleem, naamlik wat die verhouding (verskil en verband) tussen die drieërlei openbaring is. Weereens word verskillende reformatoriese filosowe aan die woord gestel.

3.5 Die verhouding tussen God se skeppings- en Woordopenbaring

Vanuit 'n eenheidsvisie op God se openbaring kritiseer Troost (1978) in detail allerlei soorte onderskeidings (soos "algemene" en "besondere" openbaring) en selfs skeidings wat in God se openbaring gemaak word. Die onderskeidings gaan selfs so ver (vgl. Troost, 1978:103) dat sommige teoloë (soos Barth) God se skeppingsopenbaring ontken, terwyl andere (soos Kuitert) weer sy openbaring in die Skrif relativeer. Wanneer 'n mens na die Bybel alleen wil luister, lei dit tot Biblisisme (fundamentalisme of positivisme); en wanneer 'n mens die skepping los van die lig van die Skrif bestudeer, is die resultaat sekularisme (vgl. Spykman, 1981:152).

3.5.1 Die verskille tussen die twee openbaringwyses

Troost stem ooreen met ander reformatoriese denkers dat God in die Skrif en die skepping sy skeppingsorde of wil openbaar. In 'n sekere sin kan 'n mens egter van iets nuuts, 'n aanvulling in die Skrif, praat. Die Bybel is egter nie iets besonders net omdat dit in die vorm van taal is nie, maar omdat dit duidelik maak dat God sy bedoeling met die skepping ondanks die sondeval voortsit. Dit het dus veral betrekking op God se verlossingswerk, op die bevryding van die skepping, sodat dit weer God se skeppingsorde kan gehoorsaam en weer gesond kan word (vgl. Troost, 1978:125).

Die Skrif *vervang* dus nie God se skeppingsopenbaring nie, maar terselfdertyd is dit ook nie 'n blote *herhaling* daarvan nie. Spykman

se woord “herpublikasie” kan so ’n verkeerde indruk skep. Spykman verduidelik dit egter soos volg:

In Scripture God’s Word comes to us in *lingual* form ... Moreover, in Scripture God’s Word comes to us in the language of *redemption* to renew our hearts, to open our eyes to see and our ears to hear what God has been saying to us from the very beginning. (Spykman, 1973a:9; vgl. ook Spykman, 1992:125 vir ’n breedvoeriger uiteensetting.)

Volgens Fowler (1985:11, 12) lê die unieke van die Skrif nie net in die *vorm* as openbaring in taal nie, maar ook in sy *inhoud*. Dit is deur God self geïnspireer, dus gesaghebbend, en vervul ’n spesifieke soteriologiese funksie (die verlossingsboodskap).

3.5.2 Die Skrif het slegs ’n beperkte rol

Fowler (1985:24) beklemtoon wat reeds hierbo gestel is, naamlik dat die Skrif, hoewel *onontbeerlik*, tog ’n *beperkte* rol het. Ons kan nie (soos die Biblisistiese fundamentalisme probeer doen) al ons vrae en probleme daarmee oplos nie. Vir die meeste probleme moet ’n mens noukeurig al die faktore en wetmatighede in die skepping bestudeer. Wolters (2005:32) gebruik die voorbeeld van ’n beroepskeuse. By so ’n keuse moet ’n mens ’n hele aantal faktore in ag neem om uiteindelik biddend in die lig van die Skrif ’n besluit te kan neem.

3.5.3 Die Bybel onderwaardeer?

Indien binne die reformatoriese filosofie soveel klem op God se skeppingsopenbaring gelê word, kan die vraag gestel word of dit nie na die teenoorgestelde uiterste as die fundamentalistiese teologie neig deur die Bybel te onderwaardeer nie. Fowler (1985:8, 9) reken nie so nie, aangesien dit slegs uit die Skrif is wat ’n mens die “natuur” as skepping van God en dus as openbaring kan ken.

Ook Spykman (vgl. hierbo) beklemtoon dat die skeppingsopenbaring alleen in die lig van die Skrif reg verstaan kan word. Volgens hom is die mens geroepe “to discern the norms of God’s creational Word for our life in this world, illuminated and directed by his Word in Scripture, under the regal authority of his Word incarnate ...” (Spykman, 1992:84).

Die Skrif speel dus ’n soortgelyke rol as dié van ’n argitek wat vir ’n bouer, wat nie die bouplan van ’n huis verstaan nie, die plan mondelings verduidelik, sodat die bouer die huis reg kan oprig (vgl.

Wolters, 2005:33). 'n Ander, ewe treffende beeld is dié van 'n myner wat met 'n elektriese lamp op sy vookop sy werk in die donker mynskagte doen. Hy kyk nie *in* die lamp nie, maar doen sy werk *by* die lig van die lamp. Net so soek 'n mens nie die antwoorde op alle moontlike vrae in die Skrif nie, maar jy ondersoek die skepping. Dit moet egter wel in die lig van die Skrif (skepping, sondeval, verlossing en voleinding) gedoen word.

3.5.4 Wedersydse korreksie is noodsaaklik

Anders as Spykman gaan Fowler (1985:9) verder, deur te stel dat die gelowige nie net die skepping in die lig van die Skrif moet "lees" nie, maar dat die omgekeerde ook belangrik is. Die bedoeling is nie dat die twee vorms van God se *openbaring* mekaar moet korrigeer nie – hulle is ewe waar en gesaghebbend – maar dat die mens se *interpretasie* van die skepping deur die Skrif en *ons interpretasie* van die Skrif deur die skeppingsopenbaring reggestel word.

Om die Skrif en die lig van God se skeppingsopenbaring te lees, mag die indruk skeep dat die interpretasie van die Bybel van iets buite die Skrif afhanklik gemaak en dus gerelativeer word. Fowler (1985:9, 10) se antwoord hierop is dat dit 'n feit is dat 'n mens nie die Skrif in isolasie van onself en die wêreld rondom ons kan verstaan nie. Die Skrif gebruik byvoorbeeld alledaagse woorde (man, vrou, kinders, slawe, prinse) wat alleen verstaan kan word in die lig van 'n geordende skepping.

Hy verduidelik op die volgende wyse:

We always relate to Scripture in the context of our prior experience of the Word-ordered creation ... without that experience it would be impossible to understand the Scriptures. For this reason it is impossible to begin with 'just the Bible' ... our experience of creation shapes our understanding of Scripture and, because of sin, in certain respects is bound to misshape it. (Fowler, 1985:21.)

Dit mag dus nodig wees om die mens se gebrekkige verstaan van God se skeppingsorde te hersien, sodat die Skrif nie ook misverstaan word nie. Daarom beklemtoon Fowler nog 'n derde element, naamlik die gemeenskap van gelowiges.

3.5.5 Voortdurende wisselwerking gewens

Saamgevat beklemtoon Fowler die wisselwerking tussen die Skrifwoord, die deur die Woord van God geordende skepping en die

deur die Woord verlose gelowiges onder leiding van die Heilige Gees. "There must be scope for a free movement back and forth from the Scriptures to the creation to the living faith of the Christian community, a movement that moves not just in one direction but in all directions at different points." (Fowler, 1985:24.)

Verder is dit belangrik dat in hierdie hele proses in die lig van dié Lig, die vleesgeworde Woord plaasvind. Daarop lê Hart (1989:147) besondere klem. Die skepping moet nie alleen in die lig van die Skrif gelees en bestudeer word nie, maar die Skrif moet ook in die lig van Christus, die kulminasie van God se openbaring, beskou word.

'n Belangrike vraag wat vervolgens beantwoord moet word, is wat die verlossingsboodskap van die Skrif presies inhou. Gaan dit daarin net om persoonlike saligheid, of om veel meer?

3.6 Die inhoud van die Skrifboodskap

Binne die protestants-gereformeerde tradisie word (veral sedert die vorige eeu) aangeneem dat die hele Bybel, ten spyte van verskillende literêre genres, net een sentrale boodskap bevat, naamlik die belofte, koms en voleinding van God se Koninkryk. Die mees bekende wetenskaplike werk op hierdie gebied is nog steeds dié van Ridderbos (1975). Vanuit die perspektief van die verbond en die koninkryk van God word die hele openbaringsgeskiedenis van die Skrif in die meer populêre vierdelige werk van De Graaf (1977-1981) behandel.

3.6.1 Een drama in ses bedrywe

In 'n meer resente werk beklemtoon ook Bartholomew en Goheen (2004:12) dat die Bybel nie 'n warboel van teologiese leerstellings, morele lessies, historiese, stigtelike of poëtiese stukkies, beginsels, ensovoorts is nie. Die Bybel bevat net een "storie", 'n "unified and progressively unfolding drama of God's action in history for the salvation of the whole world". Hierdie drama handel oor die "unified, coherent narrative of God's ongoing work within his kingdom" (Bartholomew & Goheen, 2004:12).

Die volgende ses opeenvolgende bedrywe van die drama kan onderskei word: by die skepping stig God sy koninkryk; die sondeval beteken rebellie teen sy koningskap; die verlossing begin toe Hy Israel as verbondsvolk kies; die verlossing word uiteindelik bereik met die koms van Christus; daarna word die evangelie (goeie nuus) van die koninkryk wêreldwyd uitgedra; en by die voleinding van die

wêreld (Christus se wederkoms) sal die verlossing voltooi word (vgl. ook Greidanus, 1988:235-238).

Die geskiedenis wat ons in die Bybel kry (vgl. Greidanus, 1988:86 e.v.), is dus nie gewone ekonomiese, politieke, sosiale of watter ander soort geskiedenis ook al nie. Dit is geskiedenis met 'n dieper dimensie, naamlik *koninkryksgeskiedenis*.

3.6.2 Die Bybel is 'n lewensbeskoulike boek

Op hierdie wyse beantwoord die Skrifwoord van God die mens se belangrikste lewensvrae soos: Wie is ek? Waar bevind ek myself (in die skepping en geskiedenis)? Wat het verkeerd gegaan? Wat is die oplossing?

Dus, die lig wat die Skrif op die werklikheid bied, is dié van skepping, sondeval, verlossing en voleinding (formasie, deformasie, reformasie en kulminasie). Hierdie vier momente is nie slegs die hoofmomente van God se Woordopenbaring nie, maar daarsonder is die skepping ook onverstaanbaar. Hulle vorm dus ook die basis waarop 'n Reformatoriese lewensvisie gebou word met die doel om die mens se laaste (*ultimate*) of grensvrae te beantwoord (vgl. Wolters, 2005).

Hierbo (vgl. 1.2.7) is gestel dat die Skrif nie objektief of neutraal gelees kan word nie, maar altyd in die lig van 'n mens se (voorwetenskaplike) lewensvisie. Indien hierdie lewensvisie nie aan die Skrif self ontleen is nie, kan die Skrifboodskap egter ernstig verdraai word. Indien wel, lei dit tot 'n beter verstaan van God se Woord. Dit word die "hermeneutiese spiraal" genoem. Die skrywer is van mening dat 'n reformatoriese lewensvisie die beste aan die Skrif laat reg geskied, maar terselfdertyd ook in voortdurende dialoog met God se Woord gereformeer moet word.

Die laaste (derde) aangeleentheid wat die aandag verg (vgl. 1.2.9 hierbo), kan nou gestel word.

4. Die Skrif is 'n voorwetenskaplike geloofsboek en nie 'n teologiese (hand)boek nie

Soos in 'n opvolgartikel aangetoon sal word, beskou die meeste reformatoriese filosowe die Bybel as 'n voorwetenskaplike geloofsboek. Die Bybelteks word deur die geloofsaspek gekwalifiseer en dit bied dus geloofskennis. Dit het belangrike implikasies vir die visie daarop en die gebruik daarvan. Tans word slegs beklemtoon dat die

Skrif (as geloofsboek) nie as 'n teologiese boek beskou mag word nie. (Vgl. die probleem onder 1.2.3 gestel, nl. dat Bybelskrywers “teoloë” genoem word en hulle geskrifte “teologieë”.)

4.1 'n Voorbeeld

As voorbeeld van 'n baie algemene verwarring tussen geloof, die Bybel en teologie kan terugverwys word na die artikel van Vorster (2005b:34) aan die begin van hierdie artikel vermeld. Vorster poneer: “Die Bybel is 'n teologiese boek (geloofsboek) wat God se openbaring bevat, nié 'n wetenskaplike handboek wat sigself met natuurwetenskaplike vraagstukke ... bemoei nie.”

Hierdie stelling is onduidelik. Indien die Skrif 'n teologiese boek is, is dit eger ook 'n wetenskaplike boek – ten minste as die teologie as wetenskap erken word. Moontlik bedoel Vorster slegs dat die teologie die Bybel as veld van ondersoek het.

4.2 Nie 'n onskuldige verwarring nie

Hoewel die vereenselwiging van die Bybel en teologie onskuldig mag lyk, is dit hoegenaamd nie die geval nie. Dit laat ten minste vier probleme ontstaan.

Indien die Bybel 'n teologiese (wetenskaplike) werk is, moet dit eers- tens ook so bestudeer word. Dit het so in die geskiedenis gebeur en gebeur nog steeds. Die Bybel word as wetenskaplike werk benader. Omdat dit egter nie aan bepaalde wetenskaplike teorieë voldoen nie, word dit dan as ontwetenskaplik en onbetroubaar beskou. 'n Ander opsie is om die Bybel en die wetenskap, dikwels op 'n geforseerde wyse, met mekaar te probeer versoen.

Voorwetenskaplik beteken egter nie *onwetenskaplik* nie. Die Skrif (en die geloof daarop gegrond) kan alleen as onwetenskaplik bestempel word indien 'n mens aan die wetenskap 'n hoër gesag toeken. *Voorwetenskaplik* dui daarop dat openbaring en geloof vóór enige wetenskap kom en dit ook bepaal. Dit dui ook daarop dat dit iets heeltemal andersoortigs as wetenskap is.

'n Tweede gevolg van die verwarring tussen openbaring, geloof en teologie (of die idee dat die Bybel 'n teologiese boek sou wees) is dat die Skrif alleen vir wetenskaplike teoloë en nie ook vir ander gelowiges nie, toeganklik sou wees. In die lig van die stryd van die sestende-eeuse Reformasie vir die toeganklikheid van die Woord deur alle gelowiges, mag die Bybel egter nooit as die monopolie van enige instelling, groep of wetenskap beskou word nie.

Indien die Bybel 'n teologiese boek is, sou 'n derde implikasie wees dat dit, soos enige wetenskap, feilbare mensewerk is in plaas van die onfeilbare openbaring van God. Gevolglik sal dit ook gereeld herskryf moet word om te kan tred hou met die jongste teologiese ontwikkelings.

'n Laaste gevolg van hierdie gebrek aan 'n duidelike onderskeid tussen andersoortige sake is dat die radikale verskil tussen *ons verstaan* van die Bybel en die *Bybel self*, God se Woord, dikwels nie duidelik raakgesien en erken word nie. Gevolglik word aan feilbare, tydsgebonde, menslike, teologiese resultate groter gesag toegeken as wat enige wetenskap ooit kan hê. Selfs die feit dat die teologie die Bybel as *veld* van ondersoek het, beteken nie dat dit ook die *gesag* van God se Woord toekom nie.

4.3 Wat die verskil tussen geloof en teologie nie is nie

'n Mens hoor en lees dikwels dat gemeentelede aangemoedig word om van die teologie kennis te neem of selfs meer teologies te moet dink, sodat die teologie hulle geloof kan versterk, verbeter, korrigeer of verdiep. Teologie word dus as van hoër kwaliteit as gewone geloofskennis beskou. Anders gestel: geloofskennis is nie iets totaal *andersoortigs* nie, maar slegs 'n *laere niveau of kwaliteit* van teologiese kennis (vgl. Troost, 2004:399).

Die gevaar is dus selfs dat teologie as 'n beter soort geloof beskou word. In ons moderne Westerse kultuur, waarin wetenskaplike kennis baie hoog aangeslaan word, kan geloof maklik verteologieseer word en so sy vaste geloofskarakter verloor. Indien 'n wetenskaplike oortuiging 'n geloofsoortuiging word, beteken dit niks ander nie as sciëntisme of wetenskapsverafgoding (vgl. Troost, 2004:357).

4.4 Die werklike verskil tussen Bybel, geloof en teologie

Samehangend daarmee dat die Bybel die Woord van God is, is ook die unieke aard daarvan baie belangrik. Die Bybel is 'n geskrif deur die geloof gekwalifiseer. Daarom is dit nie primêr gewone literatuur (iets esteties), of 'n geskiedenisboek (histories gekwalifiseer), of 'n wetenskaplike geskrif (van logies-analitiese aard) nie. Om dit te lees asof dit wel gewone letterkunde, geskiedenis of wetenskap is (en ook op nog talle ander maniere), lei tot misverstand en doen die Bybelteks geweld aan. Dit is soos wanneer 'n mens 'n geskiedenisboek as roman of 'n telefoonboek as ensiklopedie sou benader.

Geloof is nie teologie nie – en beslis ook nie 'n elementêre vorm daarvan nie. Omgekeerd is teologie ook nie geloof nie, maar kwalitatief en struktureel heeltemal iets anders. Geloof is nie wetenskaplike teorie nie en teologie is nie voor-wetenskaplike geloof nie en mag dit ook nie word nie. Teologiese kennis is *teoreties verdiepte* geloofskennis. Dit beteken egter nie noodwendig 'n verdieping van die *geloof self* nie.

Troost (2004:419) verduidelik dié verskil soos volg:

Theologiese kennis is als zodanig ... geen geloofsverskijnsel, maar een specificatie, differentiatie en verdieping van alleen een element van geloof, namelijk geloofskennis. Deze geloofskennis functioneert als 'substructuur' van het geloofskennis. Zij is daardoor nog niet zelf geloven, zij blijft een typisch verstandelijke, dat wil zeggen een logisch-analytische activiteit, als substructuur ingekapseld in geloven.

4.5 Twee maniere van Bybellees

In ooreenstemming met hierdie belangrike onderskeid tussen geloof en teologie moet ook duidelik onderskeid gemaak word tussen die Bybellees van “gewone” gelowiges en die wetenskaplike Bybelekse-gese van 'n teoloog (vgl. Troost, 2004:423, 424) – albei van hulle ewe waardevol.

Saamgevat word hier dus gepleit vir die *dienskarakter* van die teologie aan gelowiges en kerke, in plaas daarvan dat dit, soos dikwels die geval, as *koningin* wil heers.

5. Samevattende terugblik en resultaat

Tot sover is hoofsaaklik op die Skrifbeskouing binne die reformatoriese filosofie gekonsentreer. Veral drie fasette daarvan is behandel, naamlik die goddelik-menslike karakter daarvan, die verband van die Skrif met God se hele openbaring in die skepping en in Christus en die voorwetenskaplike aard van die Skrif as geloofsboek en die implikasies daarvan.

Hiermee is die Skrifbeskouing van 'n reformatoriese wysbegeerte nog nie volledig uitgespel nie. Heelwat meer sal nog gesê moet word oor watter soort boek die Skrif presies is en wat dit vir 'n regte Skrifinterpretasie inhou. Nogtans kan reeds enkele belangrike resultate geboekstaaf word.

5.1 Die Bybel as Woord van God in mensewoorde

By die behandeling van die goddelik-menslike karakter is veral stilgestaan by die ontstaan van die Bybel. Die filosofiese besinning het veral op twee punte verheldering gebied. Eerstens dat inspirasie-teorieë feilbaar en filosofies swaar belaaï is, en indien dit gebruik word, met groot omsigtigheid hanteer moet word. Tweedens is die suggestie gemaak dat die onderskeid tussen die destydse *vorm* teenoor die blywende *norm* dalk sommige van die probleme met die onderskeid tussen *tydsbepaald* en *tydsgerig* kan oplos.

5.2 Die Bybel as deel van God se drievoudige openbaring

By hierdie afdeling was die belangrikste bydrae van 'n Christelike filosofie die volgende: 'n herinnering dat die Skrif nie God se enigste openbaring is nie; dat alle probleme in die lewe dus nie met Skriftekste opgelos kan word nie; dat ook God se skeppingsopenbaring ernstig geneem en bestudeer moet word; omdat God se skeppingsopenbaring verkeerd verstaan en selfs misbruik kan word, bestaan daar 'n behoefte aan 'n hermeneutiek met riglyne vir die regte "lees" daarvan; nie net die skepping moet in die lig van die Skrif bestudeer word nie, maar ook die omgekeerde moet gebeur; in die Skrif gaan dit hoofsaaklik oor die ontstaan, verval, belofte, koms en voltooiing van God se ryk; hierdie sentrale gedagtes van skepping, val, verlossing en voleinding bied ook die basiese boustene in die lig waarvan 'n Christelike lewensvisie gebou kan word in die lig waarvan die Skrif gelees moet word.

5.3 Die Bybel as voorwetenskaplike geloofsboek

Die bydrae wat die reformatoriese filosofie hier kan maak, is om opnuut daaraan te herinner dat daar verskillende soorte boeke bestaan wat almal verskillend gekwalifiseerd is. 'n Regshandleiding is juridies gekwalifiseerd en 'n kunsboek esteties, 'n telefoonboek mag nie as 'n sosiale register beskou word nie. Net so word die Bybel deur die geloof gekwalifiseer en wil die geloof in God wek en versterk. Die Bybel is dus nie primêr net literatuur of geskiedenis nie. Die literêre, historiese en ander fasette van die Skrif is ondergeskik aan die geloofsfasie en word daardeur "gekleur". Die Skrif moet nie net as voorwetenskaplike geloofsboek beskou word nie, maar moet ook so gelees word. In die lig hiervan is ook gepleit vir 'n duidelike onderskeid tussen geloofskennis en (wetenskaplike) teologiese kennis.

Die bedoeling is dat 'n opvolgartikel die gedagte van die Skrif as geloofsboek verder sal uitwerk en veral sal toespits op die implikasies daarvan vir 'n korrekte Skrifverklaring of hermeneutiek.

Soos die teologie en enige ander wetenskap, is die filosofie ook tastend en soekend na die waarheid. Selfs 'n Christelike wysbegeerte besit wel die begeerte, maar het nie die wysheid in pag nie. Mag hierdie verkenning nogtans daartoe bydrae om beter te verstaan wat in 2 Timoteus 3:16-17 van die Woord van God gesê word:

Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse aan te kweek, sodat die mens wat in diens van God staan, volkome toegrus sal wees vir elke goeie werk.

Geraadpleegde bronne:

- BARTHOLOMEW, C.G. & GOHEEN, M.W. 2004. The drama of Scripture: finding our place in the Biblical story. Grand Rapids: Baker.
- BAVINCK, H. 1979. The philosophy of revelation. Grand Rapids: Baker.
- BREED, D.G. 2008. Manlik en vroulik in die kerk: gedagtes oor die onlangse GTV-vergadering. *Die Kerkblad*, 111(3214):31-33.
- BREED, D.G., JANSE VAN RENSBURG, J.J. & JORDAAN, J.C. 2008. Manlik en vroulik in die kerk: geslagtelikheid en die besondere dienste. Noordbrug: Potchefstroomse Teologiese Publikasies.
- BRIL, K.A. & BOONSTRA, P.J. 2000. D.H. Th. Vollenhoven schematiese kaarten: filosofiese concepties in probleemhistorisch verband. Amstelveen: De Zaak Haes.
- DE GRAAF, S.G. 1977-1981. Promise and deliverance. Vol. 1-4. St. Catherines: Paedeia.
- DE KLERK, B.J. & JANSE VAN RENSBURG, J.J. 2005. Preekgeboorte: 'n handleiding vir gereformeerde eksegetiese en prediking. Noordbrug: Potchefstroomse Teologiese Publikasies.
- FOWLER, S. 1985. The Word of God. Potchefstroom: Institute for Reformational Studies.
- FOWLER, S. 1991. A Christian voice among students and scholars. Potchefstroom: Institute for Reformational Studies.
- GREIJLDANUS, S. 1946. Schrifbeginselen ter Schriftverklaring en historisch overzicht over theorieën en wijzen van Schrifuitlegging. Kampen: Kok.
- GREIDANUS, S. 1988. The modern preacher and the ancient text: interpreting and preaching Biblical literature. Grand Rapids: Eerdmans.
- GROSHEIDE, F.W. 1929. Hermeneutiek ten dienste van de bestudeering van het Nieuwe Testament. Amsterdam: Van Bottenburg.
- HART, H. 1989. Setting our sights by the morning star: reflections on the role of the Bible in post-modern times. Toronto: Patmos.
- HOWELL, J.H. 2008. GTV 2008 ... Sinode 2009. *Die Kerkblad*, 111(3214):34-36.

- JANSE VAN RENSBURG, F. 2006. Die tydgerigtheid van die Bybel en die etiek van Bybellees: respons op die artikel van Gerrie Snyman. *In die Skriflig*, 40(4):745-769.
- KLAPWIJK, J. 1980. Honderd jaar filosofie aan de Vrije Universiteit. (*In Van Os, M. & Wieringa, W.J., reds. Wetenschap en rekenschap, 1880-1990: een eeuw van wetenschapsbeoefening aan de Vrije Universiteit. Kampen: Kok. p. 529-593.*)
- MARSDEN, G. 1987. Reforming fundamentalism. Grand Rapids: Eerdmans.
- MARSHALL, P. 1998. Heaven is not our home: learning to live in God's creation. Nashville: Word Publishing.
- NOLL, M.A. 1994. The scandal of the evangelical mind. Grand Rapids: Eerdmans.
- OLTHUIS, J.H. 1976. The Word of God and Biblical authority. Potchefstroom: Institute for the Advancement of Calvinism. (Study pamphlet no. 101, April.)
- OLTHUIS, J.H. 1979. Towards a certitudinal hermeneutic. (*In Kraay, J. & Tol, A., eds. Hearing and doing: philosophical essays dedicated to H.E. Runner. Toronto: Wedge Pub. Foundation. p. 65-86.*)
- OLTHUIS, J.H. 1987. A hermeneutics of ultimacy: peril or promise? New York: University Press of America.
- RIDDERBOS, H. 1975. The coming of the Kingdom. Philadelphia: Presbyterian & Reformed Publications.
- RIDDERBOS, H. 1978. Studies in Scripture and its authority. St. Catherines: Paideia.
- SEERVELD, C.G. 2000a. The Gospel of creation. (*In Bartholomew, C., ed. In the fields of the Lord: a Seerveld reader. Toronto: Tuppence. p. 46-48.*)
- SEERVELD, C.G. 2000b. The pertinence of the gospel of creation for Christian education. (*In Bartholomew, C., ed. In the fields of the Lord: a Seerveld reader. Toronto: Tuppence. p. 205-208.*)
- SEERVELD, C.G. 2000c. Creational revelation: Gods glossolalia. (*In Seerveld, C. Bearing fresh olive leaves: alternative steps in understanding art. Toronto: Tuppence. p. 159-163.*)
- SEERVELD, C.G. 2003. How to read the Bible to hear God speak: a study in Numbers 22-24. Sioux Center: Dordt College.
- SNYMAN, G. 2006. Homoseksualiteit en tydsgerigtheid: 'n etiek van Bybellees. *In die Skriflig*, 40(4):715-744.
- SNYMAN, G. 2007. Om die Bybel anders te lees; die etiek van Bybellees. Pretoria: Griffel.
- SPYKMAN, G.J. 1973a. Scripture, faith and science. *International reformed bulletin*, 16(54):19-31.
- SPYKMAN, G.J. 1973b. A confessional hermeneutic: alternative to the historical-critical method. *R.E.S. Theological bulletin*, 1(3):1-14.
- SPYKMAN, G.J., ed. 1981. Society, state and schools: a case for structural and confessional pluralism. Grand Rapids: Eerdmans.
- SPYKMAN, G.J. 1984. How is Scripture normative in Christian ethics? (*In Schrotenboer, P.G., ed. The interpretation of Scripture today. Grand Rapids: Reformed Ecumenical Synod. p. 39-57.*)
- SPYKMAN, G.J. 1985. Biblical hermeneutics. (*In Spykman, G.J. Spectacles: Biblical perspectives on Christian scholarship. Potchefstroom: PU for CHE. p. 48-69.*)

- SPYKMAN, G.J. 1992. Reformational theology: a new paradigm for doing dogmatics. Grand Rapids: Eerdmans.
- TIDBALL, D.J. 1994. Who are the Evangelicals? Tracing the roots of the modern movements. London: HarperCollins.
- TROOST, A. 1978. De relatie tussen scheppingsopenbaring en Woordopenbaring. *Philosophia reformata*, 43:101-129.
- TROOST, A. 2004. Vakfilosofie van de geloofswetenskap: prolegomena van de theologie. Budel: Damon.
- VAN DEN BRINK, G. 2007. Als een schoon boek: achtergrond, receptie en relevantie van Artikel 2 van de Nederlandse Geloofsbelijdenis. Leiden: Universiteit van Leiden. (Inouguerele rede.)
- VAN DER WALT, B.J. 2008. How to view and read God's revelation. (*In* Van der Walt, B.J. The eye is the lamp of the body: worldviews and their impact. Potchefstroom: Institute for Contemporary Christianity in Africa. p. 13-48.)
- VAN KEULEN, D. 2003. Bijbel en Dogmatiek: Schriftbeskouwing en Schriftgebruik in het dogmatisch werk van Kuyper, Bavinck en Berkouwer. Kampen: Kok.
- VAN WYK, J.H. 1989. Die Woord is waardevol: 'n dogmatiese besinning oor die reformatoriese Skrifbeskouing. Potchefstroom: PU vir CHO.
- VEENHOF, J. 1984. Holy Spirit and Holy Scripture. (*In* Schrotenboer, P.G., ed. The interpretation of Scripture today. Grand Rapids: Reformed Ecumenical Synod. p. 1-19.)
- VORSTER, J.M. 2008. The contemporary challenge of religious fundamentalism. Pretoria: Church History Society of South Africa.
- VORSTER, N. 2004a. Op soek na 'n weg uit fundamentalisme. *Die Kerkblad*, 107:27-29.
- VORSTER, N. 2004b. Hoe kan ons verskille oorkom? *Die Kerkblad*, 107:34-36.
- VORSTER, N. 2005a. Voortgesette gesprek oor fundamentalisme. *Die Kerkblad*, 107:29-30.
- VORSTER, N. 2005b. Fundamentalisme en gereformeerde is nie dieselfde nie. *Die Kerkblad*, 108:34-36.
- WALKER, D.S. 1993. Challenging evangelicalism. Pietermaritzburg: Cluster.
- WOLTERS, A.M. 2005. Creation regained: Biblical basics for a reformational worldview. Grand Rapids: Eerdmans.

Kernbegrippe:

Bybel: inspirasie van

Bybel: verklaring van

Bybel: visie op

filosofie: reformatories

Key concepts:

Bible: inspiration of

Bible: interpretation of

Bible: view of

philosophy: reformational

